

# INHOUD

|  |    |
|--|----|
| Dankbetuiging  |    |
| Voorwoord  | i  |
| Inleiding: Politieke agtergrond                      | v  |
| Hoofstuk 1: Omstrede eerste en laaste HC             | 1  |
| Hoofstuk 2: Suid-Afrika in die Zimbabwiese bosoerlog | 6  |
| 1. Opgelei om dood te maak                           | 6  |
| 2. Die nagvoël vlieg                                 | 9  |
| 3. “Ek’s geskiet!”                                   | 12 |
| 4. Engelsman en Boertjie                             | 16 |
| 5. Spore uit Zimbabwe                                | 19 |
| 6. Damskiet in Mosambiek                             | 22 |
| 7. “As jy wil vrek, vrek!”                           | 27 |
| 8. Zambiese vloot word uitgewis                      | 30 |
| 9. Beira se droogdok...                              | 35 |
| Hoofstuk 3: Operasie Savannah tot 2 Des. 1975        | 42 |
| 1. Eerste skoot in Angola                            | 42 |
| 2. Is dít hoe jy oorlog maak?                        | 49 |
| 3. “Toe’s my karretjie moeg!”                        | 58 |
| 4. “Ek was vrek bang!”                               | 68 |
| 5. ’n Beeskraal vol Kubane                           | 71 |
| Hoofstuk 4: Operasie Savannah tot 10 Maart 1976      | 76 |
| 1. Brug 14 en pynappels                              | 76 |
| 2. “Ek ken hom net as Nartjie”                       | 84 |
| 3. ’n Puma lê en rolskop                             | 88 |

|   |     |
|---|-----|
| 4. Angel van die dood                         | 90  |
| 5. Buitelyn met koeëlgate                     | 93  |
| 6. Lamboud in 'n tenker                       | 96  |
| 7. “En my boshodjie...”                       | 99  |
| 8. Boertjies en Unitas vlug                   | 102 |
| 9. Deur Suzi se ribbes                        | 105 |
| 10. “Toe praat die Franse rugby”              | 108 |
| Hoofstuk 5: Klein oorlog word groot 1976–1978 | 114 |
| 1. “Val plat!” Toe skiet hulle hom            | 114 |
| 2. “My pa sê ook ek’s mal!”                   | 119 |
| 3. “O, Here, help my!”                        | 122 |
| 4. “Gryp jy daai ou...!”                      | 127 |
| 5. Doodsfout in die maanlig                   | 131 |
| 6. Die dood by Cassinga                       | 141 |
| 7. Lyke wat brand by Viëtnam                  | 155 |
| Hoofstuk 6: Lobito, Smokeshell en ander helle | 159 |
| 1. Dood in die stankput                       | 159 |
| 2. Dit sou hel gewees het!                    | 161 |
| 3. “Atoombom oor Lobito”                      | 165 |
| 4. Agt verwerf toekenning saam                | 174 |
| 5. In 'n gewonde Mirage                       | 179 |
| 6. 'n Jong man met sy dooie vriende           | 182 |
| Hoofstuk 7: Geweld, geloof, gewete            | 201 |
| 1. “Dis hom, Pa!”                             | 201 |
| 2. Twee keer Goud vir Walker                  | 204 |
| 3. “Maak jou mond oop...!”                    | 213 |
| 4. Oorboord in stormsee                       | 217 |

|                                 |     |
|---------------------------------|-----|
| 5. Redding in haaiwater         | 220 |
| 6. Charlie's Angels             | 224 |
| 7. "Ek het hom gehaat!"         | 227 |
| 8. Bloedbek oor sykoue          | 231 |
| 9. Die Buffel brand             | 234 |
| Hoofstuk 8: Toe ontplof Luanda  | 237 |
| 1. Kerslig in die vreemde       | 237 |
| 2. Vrydag, die dertiende        | 260 |
| 3. 'n Buddie uit die vlamme     | 264 |
| 4. "Hy skiet mis, ek raak!"     | 266 |
| 5. Krisis in 'n winkel          | 268 |
| 6. Met stompiebeen in sy arms   | 271 |
| 7. 'n Bom op die operasietafel  | 274 |
| Hoofstuk 9: Anderkant Brug 14   | 293 |
| Piet, die Medic: "Brug 15"      | 286 |
| Ontvangers van die Honoris Crux | 288 |
| Register                        | 304 |

## Hoofstuk 1

# Omstrede eerste en laaste HC

Die eerste Honoris Crux wat as hoogste militêre onderskeiding in 1973 tydens die bosoerlog toegeken word, en die vier wat in 1974 daarop volg, beland enigszins in omstredenheid; asook die laaste een, wat in 2004 toegeken word nadat die HC die vorige jaar afgeskaf is.

Die Honoris Crux word in 1952 ingestel as hoogste en onverdeelde krygsonderskeiding en word in 1973 verwerf deur kapt. AP Möller, soos hieronder uiteengesit. Die volgende jaar word nog vier toegeken en, soos Möller, is die nuwe bekroondes ook van die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM): sers. RJ Beukes, vlsers. JACF Burger, kapt. GL Heim en maj. DS White.

Die jaar daarop, in 1975, word die HC onverklaarbaar in vier grade van dapperheid verdeel: Standaard, Silwer, Goud en Diamant. Die nuwes lyk nie soos die oues nie en het ook 'n heel ander kleurlint.

Min mense weet in watter gradering die 1952-HC val en wonder of dit van 'n laer of hoër graad is as die 1975-HC. Dit moet immers moontlik wees dat van die oues in die nuwe generasie as Silwer, Goud of Diamant geklassifiseer kan word.

Diegene wat nie 'n antwoord hierop het nie, meen dis onvanpas om die ou en die nuwe generasie saam te groepeer, want dit impliseer dat al die ou ontvangers bekroon is vir dade wat gelykstaan met die standaard-HC.

Dit is 'n omstredenheid wat in die 1980's uitgewys is met die Weermag se beoordeling van my HC-manuskripte en waarvoor indertyd nie uitsluitel gegee is nie. Maar in September 1993 word 'n gradering van die dapperheid- en verdienstelikeheidsmedaljes gemaak, en daarvolgens is die Honoris Crux (1952-1975) een trap

## 2. Die nagvoël vlieg

Soos ander lede van die SALM wat in die Zimbabwiese bosoorlog veg of wil gaan veg, sluit Christopher Clifton Milbank, gebore op 18 Februarie 1952, by die SAP aan.

Van April 1975 tot Augustus 1976 is hy vlieënier van die SALM. Onder druk van Amerika, onttrek Suid-Afrika sy mag (“polisie”) en Milbank, soos ander, besluit om terug te gaan. Want dis vir hom daar interessanter as tuis. Hy bedank en sluit in April 1978 by die Zimbabwiese lugmag aan, maar in Julie 1979 keer hy na die SALM terug.



Kapt. Christopher Clifton Milbank

Rondom middagete op 12 Februarie 1976 word hy ingeroep om te help met die agtervolging van ’n klomp guerrillas naby Mt. Darwin, sentrum van operasies in die noordooste van Zimbabwe. Die polisie is al meer as ’n dag lank op hul hakke en het versterkings nodig. Milbank en sy boordtegnikus in hul Alouette-III vlieg verskeie kere met vier troepe in – ’n “stick”, word dit genoem – terwyl die bevelstjopper met ’n ander vlieënier, die leerbevelhebber en boordtegnikus as kanonnier oorhoofs sirkel.

Die vlugtendes word in ’n rotsagtige heuwelpunt van ’n langerige rant vasgekeer, maar is só verskans tussen die rotse dat hulle nie bygekom kan word nie.

Die tjoppers moet soms gaan brandstof inneem, en toe die bevelstuig aan die beurt kom, vat Milbank tydelik oor met vuur op die grond. Hy het g’n vrees vir die vegters nie, want hy sê hulle skiet vrot.

## 2. Vrydag, die dertiende



Maj. Neall Ellis



Sers. Steve Coetsee

Op Vrydag, 13 Maart 1982, in 'n geveg tussen bosse, klippers en slote in Angola sterf Nella ná hy sterk bygedra het tot die sukses van Operasie Super. 'n Basis word verwoes, sowat 200 Swapo's sterf en 'n berg voorraad word gebuit. Nella, of dan lt. Petrus Johannes Stephanus Nel, en nog vier kry later die Honoris Crux.<sup>1</sup>

Toe Nella val, neem sers. Victor Dracula oor en gaan haal hom saam met sgt. Bernardo Domingos uit. Albei is Kimbundo-Angolese, en hul HC-verhale word vir my uit Portugees getolk deur Julie Boswell. Die ander twee HC's is maj. Neall Ellis, 'n tjoppervlieënier, en sy boordtegnikus sers. Stephen (Steve) Coetsee, wat my hul stories op band vertel.

'n Swapomag van 250 man is in die Cambenovallei by Iona, noord-oos van Marienfluss en 70 km van die see af; hulle is in 'n ruwe, begroeiende en bergagtige plek tussen twee slote uit die hoogland.

<sup>1</sup> Sien ook LJ Bothma, *Die Buffel Struikel*, 264-6.